# Lesing 14 - 19 November 2025 - Die Dogter van Sion, restoureerders van die Skrifte

Tweede opdrag en Gelofte op die Suidelike hang van die Magaliesberg:

Hierna het ons vertrek na die ander poort in die Magaliesberg-reeks, in die omgewing van Bergsig langs Mountainview. Soos uitgewys deur Jahshua, moes dit regoor Amajuba-laan lê, om simbolies te wys na die oorwinning met die groot veldslag van Majuba.

Soos met die Paardekraal-Gelofte voor die slag van Majuba, is daar weer 'n Gelofte afgelê, soos gedikteer deur Jahshua self, voor die geestelike stryd in Suid-Afrika sou begin. Ons het om 05h15 hier aangekom. Na vele raadpleging is 'n klipkoppie, tweederdes teen die berg op, aangewys deur Jahshua en die moeite het begin.

Elkeen se klip van die Steenkampsberge in Lydenburg, moes vir stapeling teen die berg opgedra word. Hennie was steeds besig om te herstel van sy knie-beserings in Junie 2008 en Dirk was slegs mobiel in sy rolstoel. Die manne het met toue en spanwerk die rolstoel bo gekry, waarna almal begin bou het aan die klipstapel.

Die onderste lae van die stapel was met klippe van dieselfde berg gepak. Die boonste lae was die twaalf Steenkampsberg-klippe en die heel boonste klip moes die uitgewysde Melgisédek klip wees wat die Melgisédek-orde voorgestel het. Let wel dat die Steenkampsberge waar die klippe gekry is, die hoogste geplaveide weg in Transvaal is, wat simbolies is van die hoogste orde, naamlik die Melgisédek-orde.

Hierna moes 'n sekere oranjerooi blom vanaf die vorige terrein bo-op geplaas word. Kobie het opdrag gekry om 'n stuk houtskool, 'n mispel-tak met groen vrugte aan, asook 'n kruietak daarop te plaas. Simbolies het dit voorgestel dat die volk uit die as sou opstaan en vrugte sou dra wat welriekend vir Jahshua sou wees.

Daarna het Jahshua 'n direkte seën deur Francois gedikteer wat as volg gelui het:

*"My kinders, nou wil Ek julle eers seën. Ek seën julle as My Migdol, want julle is My skape se toring. Dit is die toring as simboliek, wat julle gepak het ter bevryding van My volk, maar die ware is in die Gees en hierin sal julle leef vir ewig. Gaan en kroon My skepping. Dit is al, pak die klippe."*

Ons het daarna die twaalf klippe van die Steenkampsberge bo-op die stapel gepak, met die Melgisédek-klip heel bo. Dirk het uit die silwer Boek van Herinnering 'n voorlesing gedoen uit **1 Petrus 2:1-10**. Francois moes die Gelofte (sien aangeheg) lees en sodoende het ons dit vir die tweede keer afgelê met oop regterhande in die lug. Pieter het op hierdie oomblik 'n beeld gesien van 'n afgestorwe Boer wat uit 'n graf opstaan. Die Boer was eers net 'n geraamte, maar soos wat hy aangestap gekom het, het hy vlees om sy gebeente gekry. Daarna was hy beklee met die tipiese Boeredrag van ouds, asook 'n baard en hoed. Hierdie het duidelik getoon dat Jahshua die verlossing van die Boerevolk uit die geestelike dood bewerk.

Johannes het die stapel gesalf met olyfolie. Tydens gebed het Jahshua weer aan Pieter die hart in die gees gewys waaroor daar weer olie uitgegiet is en nog twee kwarte in goud verander het. Francois het van Jahshua ontvang dat hy **Jesaja 18** moes gaan lees hierna. Die klem van die boodskap het egter gelê op **vers 3,** wat as volg lui: "*Al julle bewoners van die wêreld, bewoners van die Aarde, wanneer 'n banier opgehef word op die berge, kyk! En wanneer die ramshoring geblaas word, luister*! Hierdie keer is sewe ramshorings in al vier windrigtings geblaas.

Die laaste gebede moes deur elk van die drie vroue gedoen word wat 'n binnekring om die stapel (Jahshua) gevorm het. Die agt mans het as getuies die buitenste kring om hulle gevorm. Hierdie terrein het die Noord-Weste van die hart voorgestel soos deur Jahshua deurgegee. Dit hou die geestelike simboliek in van die Noorde as LIEFDE en die Weste as WYSHEID.

## 29 Oktober 2008 - Laaste opdrag en Gelofte te Kerkplein:

Die finale poort was Kerkplein in Pretoria. Dit is bereik so ongeveer 08h00 die oggend. Voordat die Plein ingery is, het ons gestop, gebid en is alle vensters toegemaak, in opdrag van Jahshua.

Met lofsange onder begeleiding van kitare, het ons sewe maal om Kerkplein gery vanaf die Noordelike ingang. Die "*Oorwinningslied", "As die Magtige van Jakob", sowel as "My Koning Jahshua*" en "*Deur Jahshua sal ons triomfeer*" was van die liedere wat ons gesing het. Tydens die opdrag is gemerk dat daar net heraldiese wapens op die suidelike betoningangspoorte was en Jahshua het bevestig dat ons daar moes ingaan ná die sewende keer wat ons om die Plein gery het. Die wapens was bekroon met 'n kasteel op die linkerpilaar en 'n leeu op die regterpilaar.

Daarna het ons Kerkplein betree, waarna daar gesoek is na die woorde: "*Eendragt maakt Magt*", aangesien Jahshua opdrag gegee het dat hierdie woorde herdoop moet word na "*Eendrag in Jahshua maak Mag*". Dit is aan die Noordelike sy van die middelste vierkant gevind, aan die voorkant van die Paul Kruger-standbeeld. Dit was egter nie 'n aparte steen nie, maar klein onder die Transvaalse wapen op die grond in 'n granietblok wat in die plaveisel ingelê is, gegraveer.

Hier is die Gelofte vir die derde maal afgelê, met ons regterhande in die lug. Jahshua het geopenbaar dat Hy self die plek van Paul Kruger in die

volk ingeneem het. Daar is gebid en Jahshua het die hart weer aan Pieter gewys wat volkome goud geword het, nadat dit ‘n laaste maal gesalf was. Johannes het olie oor die kromming van die leuse “*Eendragt maakt Magt*” gegiet en daarna die leuse met sy vinger gesalf, waar hy sê dit gevoel het asof Jahshua sy vinger deur die olie oor die kromming van die leuse getrek het. Op die laaste woord het Jahshua hom gevul met groot krag, volgens sy belewenis.

Terwyl dit gebeur het, moes ons almal ons hande op die steen lê en die woorde *“Eendrag in Jahshua maak Mag”* uitspreek. ‘n Bossie blomme van die Magaliesberge is deur Madeléne op die gesalfde woorde geplaas, soos deur Jahshua opgedra. Hierdie perseel het die Suide van die hart voorgestel, wat in geestelike simboliek die WAARHEID beteken. Hierna is teruggekeer na die voertuig.

## Jahshua as twaalfde persoon teenwoordig:

Vreugde het ons harte gevul, omdat alles so rustig en suksesvol verloop het. In die voertuig, toe almal hul sitplekke ingeneem het, het ons almal gelyktydig ‘n voetganger langs die bussie opgemerk. Hy was ten volle geklee in swart slenterdrag – ‘n swart langbroek, swart skoene en ‘n moulose swart hempie. Die treffendste was egter sy ruie bruin baard, vrolikheid van hart en die selfversekerde houding waarmee hy geloop het.

Hy het donkerbruin hare en effens ligter baard gehad met helderblou oë. Die baard was egter volrond aan alle kante, sodat die mond glad nie sigbaar was nie. Hy was skraal, ongeveer ses voet lank met ‘n uitdagende, vrolike stap, soos ‘n trotse leeu-mannetjie. Met sy eerste treë verby ons bussie het hy reguit na Pieter gekyk en met glimlaggende oë gesalueer. Soos wat hy aange-loop het, het hy slegs na ons gekyk, al het dit gevaarlik gelyk tussen al die verkeer. Niemand het toe gewis wie hierdie merkwaardige persoon was nie. Die voorkoms was te gewoon (“common” soos ons sê)

Die volgende dag het Jahshua aan elkeen van ons wat gevra het, bevestig dat hierdie persoon Hy Self in lewende lywe was wat ons gegroet en met “Welgedaan!” gesalueer het – werklik die Leeu van JudaH.









Die Magalisberg gebeure



